PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

PORTEFEULJEKOMITEE OOR POLISIE OOR WETSONTWERP OP BESKERMING VAN KRITIEKE INFRASTRUKTUUR [B22-2017]
Oproep om Openbare Kommentaar

Die Portefeuljekomitee oor Polisie nooi belangstellende persone en belanghebbendes om skriftelike kommentaar in te dien oor die Wetsontwerp op Beskerming van Kritieke Infrastruktuur [B22-2017].

Die Wetsontwerp het ten doel:

- om voorsiening te maak vir die identifisering en verklaring van infrastruktuur tot kritieke infrastruktuur;
- om voorsiening te maak vir riglyne en faktore wat in aanmerking geneem moet word om die deursigtige identifisering en verklaring van kritieke infrastruktuur te verseker;
- om voorsiening te maak vir maatreëls wat ingestel moet word vir die beskerming, beveiliging en lewenskragtigheid van kritieke infrastruktuur;
- om voorsiening te maak vir die instelling van die Raad op Kritieke Infrastruktuur en sy funksies, om voorsiening te maak vir die toepassing van die Wet onder die beheer van die Nasionale Kommissaris asook die funksies van die Nasionale Kommissaris in verhouding tot die Wet;
- om voorsiening te maak vir die instelling van komitees en hul funksies;
- om voorsiening te maak vir die aanwysing en funksies van inspekteurs;
- om voorsiening te maak vir die bevoegdhede en pligte van persone in beheer van kritieke infrastruktuur;
- om voorsiening te maak vir verslagdoeningspligte;
- om voorsiening te maak vir oorgangsmaatreëls;
- om voorsiening te maak vir die herroeping van die Wet op Nasionale Sleutelpunte, 1980, en verwante wetgewing; en
- om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Voorleggings moet gerig word aan die Portefeuljekomitee oor Polisie, vir aandag: me Babalwa Mbengo, Posbus 15, Parlement van Suid-Afrika, Kaapstad, 8000, en moet ontvang word nie later nie as 13:00 op Vrydag, 17 November 2017. Dui asseblief aan of jy graag 'n mondelinge voorlegging aan die Komitee wil doen.

Vir navrae of vir 'n afskrif van die Wetsontwerp, skakel asseblief **me Babalwa Mbengo** by tel: **021 403 3741**; selfoon: **083 709 8489**; e-pos: **bmbengo@parliament.gov.za**; of besoek die Parlement se webtuiste op **www.parliament.gov.za.**

Uitgereik deur mnr F Beukman, LP Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Polisie.